




ONS EIE TRADISIE

Partyregering was deur die grondwet van die Suid-Afrikaanse Republiek verbied, en partyvorming vir doeleindes van verkiesing is deur die Transvaalse Volksraad in 1894 onwettig verklaar op versoek van die volk self. Lees wat president Kruger in verband daarmee gesê het in die artikel op bladsy 3.

V.S.A. Eis Wapens Vir Duitsland

'n Algehele kentering in die behandeling van Duitsland is verlede week deur die Amerikaanse minister van buitelandse sake, Dean Acheson, aangekondig by geleentheid van 'n byeenkoms van die Noord-Atlantiese Raad. Die verskillende lede sal hierdie week hul standpunte moet inneem en bekend maak.

Acheson eis dat Wes-Duitsland ingesluit moet

word by die Noord-Atlantiese Verbond en dat die Duitsers saam moet veg onder een opperbevel. Dit beteken dat hulle onverwylde bewapen moet word.

VOORWAARDES VIR DUITSE HERBEWAPENING

(Van Ons Korrespondent in Duitsland)

Die afgelope week het die ministers van buitelandse sake van Amerika, Engeland en Frankryk in New York vergader om die verdediging van Europa te bespreek, en ook die aandeel wat Duitsland daarin moet neem. Die besprekings is hierdie week voortgesit. In verband hiermee skryf ons Duitse korrespondent dat indien hulle die Duitser as soldaat in die Westerse verdediging wil insluit, dit alleen dan sal geluk wanneer hulle hom as gelykwaardige vennoot in die hele Europese verband en idee sal opneem. Nogtans oorheers die „ohne mich“ (sonder my) op die oomblik die oorwegende meerderheid van die volk. Dit is 'n feit wat by die Duitse herbewapeningsbesprekings in die oog gehou moet word indien hulle nie die rekening sonder die waard wil opmaak nie.

Die sameballing van die Westerse volke is in die aangesig van die Russiese imperialisme 'n logies-noodsaaklike gevolg, maar ongelukkig het die nugterheid om die feite te aanvaar soos hulle is nog nie deurgedring tot die sukkelende diplomate nie, soos blyk uit die jongste onderhandelings te Straatsburg waar 'n reeks besluite oor hierdie saak uitgestel is tot die volgende vergadering in November. Twee maande is 'n lang tyd wanneer mens te doen het met 'n realistiese teenstander wat presies sal weet hoe om hierdie geleentheid uit te buit. Die druk van die Kommunistiese obstruksie in Wes-Duitsland onder dirigerende van Moskou is die afgelope weke aanmerklik versterk. Die voorheen gepropageerde „vredebeveging“ of „Nasionale Verset“ van die Oos-Duitse Republiek naas die militêre uitbreiding (in verband waarmee nou ook 'n „lupolisiekorps“ beplan word) is nou vervang deur die beleid van „afweer deur elkeen“. So 'n oproep is naamlik deur Herman Axen — 'n naam wat in gedagte gehou kan word — van uit Oos-Berlyn tot die hele Duitse volk gerig. Of die gevaar van hierdie kreet in die Weste na waarde geskat word, is 'n vraag.

ONWILLIG

Dit is 'n feit dat die meerderheid van die Wes-Duitse volk afwysend teenoor 'n herbewapening staan. Waarom? Hierdie vraag het 'n Amerikaanse verslaggewer seker nie vir homself probeer beantwoord toe hy die „nee-Duitsers“ uitgemaak het vir „shrinking violets“ nie. Maar wanneer mens in Duitsland deur die wyke van ellende gaan — deur skuilkelders en barakke van duisende uitgedrewe en oorlogsgeteisterdes wat dikwels op 6 vierkante meter in groepe van vier of vyf moet kampeer, en hul enigste besitting die klere aan hul lywe is, of deur die stowwerige strate van puinhoop gaan en elke vyfthonderd tree iemand met 'n af arm of been sien, besig om skeerlemmetjies of skoenveters te verkoop, dan dwing die tema van herbewapening tot 'n ander vergelyking.

GEEN MANEUWER

Hierdie „nee“ wat uit die hart van die meerderheid Wes-Duitsers kom, is geen taktiese manewer nie, maar is gebore uit die ondervinding van twee verlore wêreldoorloë, uit die puinhoop rondom hulle, uit die ellende van die vlugtelingen en die vreeslike vooruitsig dat die komende oorlog 'n burgeroorlog tussen Duitser en Duitser sal wees. Daarbenewens kom nog die teleurstelling na 1945: oor die houding van die besettersmoondhede, oor Potsdam, veral ten opsigte van die ellende van miljoene vlugtelingen en die wyse waarop die aftakeling van fabriekke voltrek is en die belastering van die Duitse soldaat as oorlogsmisdadiger in suiwerings- en oorlogsmisdadigersverhore. Ten slotte nog uit die wantroue teenoor 'n twyfelagtige saak waarby die Duitsers slegs as „Hiwis“ gebruik sal word — en wel nie sonder grond nie. Lord Vansittart het so kort gelede as Julie met die voorstel gekom dat die Duitsers en „verplaaste persone“ in geval van

'n rooi aggressie as guerillavegters moet optree. Die „nee“ hierop is 'n ernstige saak, want dit kom uit die hart van die groot volksmassa.

HEROPVOEDING

Wat die militarisme betref, waarvan Duitsland dan ontdoen moes word, het die „heropvoeding“ deur die besetters ongehoorlike welslae behaal. Veel geringer egter is die resultaat wat hulle met hul heropvoeding vir die demokrasie bereik het. Die gesegde dat die Duitsers nooit demokrasie sal word nie, is te eenvoudig om 'n voldoende verklaring te bied. Dit is goed as mens in gedagte wil hou wie vir die demokrasie in Duitsland peet gestaan het: in albei gevalle — 1918 en 1945 — was dit verlore oorloë met al die ellende wat daarmee gepaard gaan. Dit alles het aan die demokrasiese idee 'n bitter nasmaak gegee wat mens vandag nog oral hier proe. Die sielkunde van die massa het sy eie logika — hulle reageer gewoonlik eerste op wat hulle sien. Dit is 'n faktor wat

KOMINFORM SKRYF ONDERGRONDSE OPTREDE VOOR VIR ROOIES

Kommunistiese partye in Wes-Europa — Frankryk, België, Holland, Italië en Wes-Duitsland — het nuwe opdragte van die staande komitee van die Kominform ontvang om hul voorbereidings vir ondergrondse stryd voor die einde van die maand te voltooi. Hulle is blykbaar oortuig dat hulle binnekort in die ban gedoen sal word.

Volgens punt een van die nuwe opdrag moet alle Kommunistiese partye lyste voltooi van lede wat nie ten volle betroubaar is nie. Sulke lede moet uitgesluit word van alle samesprekings oor onwettige optredes van die toekoms. Daarna moet alle betroubare kamerade in onafhanklike groepe van vyf verdeel word. Die groepleier ontvang sy bevel van die distriksleier. Hy is nie veronderstel om enige ander leier as sy distriksleier en geen ander lid as dié van sy groep te ken nie. Punt drie bepaal dat die polit-

buro in elke land 'n lys moet opstel van alle persone wat nie lede is nie maar die party tog ondersteun. Hulle is nodig om onwettige kantore en kwartiere te verskuil.

Onder punt vier word partye aangeraai om rekrute te werf uit kommunisties-verwante organisasies soos die verskillende verenigings vir die bevordering van vriendskap met die Sowjet, sekere vakbonde, jeugkomitees, ens. ten einde hulle op te lei as onwettige amptenare en gesaghebbers.

„WAARVOOR? HOE?“

Die vraag „waarvoor?“ en „hoe?“ word die skerpste bespreking in 'n land wie se oorlogsondreddes meer tel as die gesamentlike bevolking van België en Switserland. Mens sal moeilik kan verwag dat iemand wat geen eie kamer, om nie eens van 'n eie bed te praat nie, meer besit nie, sal uithardloop om sy buurman se kosbare meubels te gaan red uit 'n brand. In hierdie opsig is swaar gesondig — nie net deur die besetters nie, maar ook deur die Bondsregering wat die miljoene vlugtelingen te lank verwaarloos het. Mense wat al te lank hul ellende opgekrop het, bereik naderhand 'n graad van teleurstelling en twyfel waar die beheer van die rede wyk. Dat die geweldige maatskaplike omwenteling ná die tweede wêreldoorlog nie tot 'n Kommunisme weiveld gelei het nie, is nie toe te skryf aan 'n geskikte sosiale politiek van die Geallieerdes of die Bonn-regering nie, maar veel eerder aan die gesonde burgerlike kwaliteit van die mense self.

TWYFEL

Die vraag „hoe?“ weerspieël die twyfel in die Duitse volksgemoed. Hulle is skepties en wil nie nutteloos opgeoffer word in die voorveld van 'n uiteindelijke botsing of die „glorieryke terugtog“ van die Geallieerdes na agter die Pireneë dek nie.

Daar sit weinig in die vraag wie die klip van herbewapening aan die rol gesit het. Die spanning van die koue oorlog en die gebeure in Korea is onomstootlike feite. Maar dit sal die Geallieerdes betaal om hul katalogus wette en verordeninge van sedert 1945 tot 'n vernuftige omvang uit te dun. Veral sal dit wenslik wees as die „Groot Drie“ in New York besluit op die hersiening van die besettingstatuut en die opheffing van die oorlogstoestand waarin Duitsland hom nog steeds formeel bevind.

TEENSTRYDIGHEDE

Elkeen sal ongetwyfeld verward raak as hy byvoorbeeld hoor dat die besettingswet No. 24 wat deur die besettingsowerheid afgekondig is, wat ten doel het om elke herbewapening van Duitsland te verhinder, formeel nog in swang is. En dat daar 'n paar dae gelede nog oor die radio bekend gemaak is dat met die aftakeling van fabriekke voortgegaan sal word tot Oktober!

En wat die eenvoudige denker ook nie kan begryp nie is dat daar in Berlyn nog 'n „Amt für Alliierte Sicherheit“ bestaan wat vandag nog in ooreenstemming (vervolg op bladsy 6 kolom 1)

Dieselfde voorstel is vroeër in die week te berde gebring op die vergadering van die drie ministers van buitelandse sake in New York. Brittanje en Frankryk het dit bestry, maar onder Amerikaanse druk het Bevin toegewings van sy regering gevra wat oor die naweek besluit het om die voorstel in beginsel te aanvaar met die verstande dat die Noord-Atlantiese leër eers in die lewe geroep en 'n verenigde opperbevel eers daargestel moet word voordat die Duitsers bewapen word.

Aanvanklik wou die Britte nie verder gaan as om die Wes-Duitse „Polisiemag“ uit te brei tot die sterkte van die Oos-Duitse „Polisiemag“ nie, maar, na berig word, het die Amerikaanse regering geantwoord dat die tyd verby is om onder valse voorwendsels op te tree. Rusland sal nie minder uitgelok word deur die bewapening van die Duitsers as deur die bewapening van die Westerse lande self nie, is sy standpunt.

Oudkommunis Sê Hy Bly Nog Lank L.V.

Mnr. Sam Kahn, natuurlike verteenwoordiger in die volksraad en lid van die gewese Kommunistiese Party, het verlede week op 'n vergadering in Kaapstad gesê dat hy langer as dr. Malan nog lid van die volksraad sal bly.

Vroeër is berig dat mnr. Kahn 'n kennisgewing van die berederaar ontvang het dat sy naam op die lys van voormalige Kommuniste geplaas sal word, en by geleentheid van die H.N.P.-kongres in Pretoria het mnr. C. R. Swart, Minister van Justisie, verklaar dat sodra die genoemde persone geleentheid gehad het om te toon waarom hul name nie op die lys van Kommuniste geplaas moet word nie, hy diegene wat lid van die parlement of provinsiale raad is sal vra om te bedank.

In sy toespraak het mnr. Kahn gesê dat hy oortuig is dat hy aanstaande jaar nog in die parlement sal sit en nog baie ander sittings sal bywoon. Hy is deur die natuurlike na die parlement gestuur en nie deur dr. Malan nie. Die natuurlike het op verskillende vergaderings eenparig verklaar dat hulle bereid is om hom en mnr. Fred Carneson, as onafhanklike kandidaat na die parlement en provinsiale raad onderskeidelik te stuur nou dat die Kommunistiese Party ontbind is.

'n Konferensie oor atoomkrag is verlede week in Brittanje gehou waar ongeveer 200 wetenskaplikes uit veertien lande op hoogte gebring is met die ontwikkeling op hierdie gebied. Hoewel geen verteenwoordigers uit lande agter die Ystergordyn uitgenooi was nie, het etlike bekende Kommuniste uit Frankryk en ander Westerse lande die konferensie bygewoon.

DIE O.B., WOENSDAG, 20 SEPTEMBER 1950

TWEE PUNTE VAN 'N TELESKOOP

Daar is 'n gesegde wat lui dat 'n kunstenaar eers moet sterf om groot te word, maar daar kan met net soveel waarheid beweer word dat 'n staatsman — eers op die dag van sy dood ontdek word — altans dit is die geval binne die partypolitieke stelsel. Die land was die afgelope week in rou oor die heengaan van genl. Jan Christiaan Smuts, 'n man wat in die halwe eeu van sy politieke loopbaan die grootste dryfkrag in die Suid-Afrikaanse politiek was. Aan die een kant was hy die middelpunt van besieling vir 'n politieke rigting wat vir byna die helfte van hierdie tyd toonaangewend in Suid-Afrika was, en aan die ander kant was hy in negatiewe sin 'n dryfkrag deur dat die teenoorgestelde politieke rigting tot 'n groot mate 'n reaksie was teen die rigting wat genl. Smuts verkondig het. Tot so 'n mate was dit die geval dat meer as een verkiesing vir of teen hom gewen is bloot deur die naam van genl. Smuts te verhef tot 'n slagkreet.

Dat 'n persoon wat vir vyftig jaar lank so 'n sentrale rol kon speel van buitengewone geestelike formaat moet wees, sal niemand kan weerspreek nie, en die grootheid van so 'n persoon sou dus in enige fatsoenlike kring erken geword het, ook deur sy vurigste teenstanders. Trouens, die omvang en aard van die huldebetuigings in die mond en pers van genl. Smuts se politieke teenstanders onmiddellik na sy dood, dien genoegsaam as bewys van bogenoemde stelling.

SKEWE BEELD

Maar dit is juis hierdie huldiging van 'n gestorwene wat gedurende sy lewe deur sy teenstanders begrawe is as 'n afgesnede lid van die volk wat ons noop om te wys op die verwronge uitsig wat die partypolitiek bied en kweek. In die partypolitieke stelsel is daar waterdige grense tussen 'n volk wat soos ystergordyne skeiding maak tussen die goeies en die slegtes, die wyses en die dommes, die kwaadwilliges en die goedgesindes, die helde en die skurke. 'n Meer volmaakte klassifisering van mense wat belaa is met alles wat afkeuringswaardig is en diegene wat bekleed is met alles wat voortrefflik is, kan op aarde nie bedink word nie. Maar hoe onvolmaak en feilbaar hierdie indeling is, blyk al dadelik wanneer 'n ingedeelde vrywillig sou besluit om deur die ystergordyn te glip met die blote aankondiging dat hy nou sy politieke party bedank het en voortaan die heil van sy volk in die party sien waarby hy nou verkies om aan te sluit. Oornag word die skurk 'n held, word die verfoeilike fatsoenlik, word die stommerik 'n staatsman. Die teleskoop waarmee die man beoordeel is, word skielik omgedraai en sy gestalte vergroot tot indrukwekkendheid aan die punt waar dit so pas nog verklein was tot belaglikheid, terwyl die teenoorgestelde werking plaasvind in die kamp wat hy so pas verlaat het.

MOET EERS STERF

Maar diegene wie se oortuigings hegter aan hul lewens vasgekleef is, moet wag totdat die dood die ystergordyn oprol voordat hulle in groter gestalte aan hul volk kan verskyn. Dan verneem mense wat vir vyftig jaar of langer geleer is dat 'n groot teenstander die inkarnasie van alle bose magte was, plotseling dat hy ook 'n mens was met goeie punte by sy slegtes, dat hy ook verheve dryfvere gehad het en ook goeie bedoelings met sy volk.

Laat ons maar dink aan 'n man soos wyle generaal Hertzog. Gedurende sy lewe was hy so belaa met alles wat uit die bese is dat indien hy tien jaar eerder sou gesterf het, die Engelssprekendes verras sou gewees het om die volgende dag te verneem dat hy 'n enkele goeie daad in sy lewe verrig het, terwyl kort voor sy dood hy so volstrek deur 'n deel van die Afrikaanse pers en politici afgeskryf is dat die beskuldiging teen leiers van die Ossewabrandwag dat hulle „die pad stukkend ry na genl. Hertzog” genoeg was om bedankings uit die Beweging na die pers te laat stroom. Maar minder as 'n jaar later het dieselfde pers en politici by sy heengaan die grootheid van genl. Hertzog besing en vandag wedywer elke politikus, ongeag sy partyverband, om hom te baai in die roem van die Generaal.

VREES MEDEDINGING

Waarom moet dit so wees? Waarom moet manne se grootheid misken word en mag hulle nie na waarde geskat word solank hulle lewe nie? Daar is maar een antwoord: omdat die partypolitiek 'n volk se staatsmanne in mededingende bendes verdeel, en solank 'n man lewe is hy 'n mededinger en dus 'n gevaar. Die oomblik dat hy sterf, kan hy nie meer mededinging om die magposisie van die staat nie, en kan dit bekostig word — en selfs betalend wees as loon vir grootmoedigheid — om hom in sy ware kleure en formaat aan die volk voor te hou.

Sou ons nie baie gelukkiger gewees het nie indien ons 'n juiste waardering kon kry van ons voorman se hoedanighede solank hulle nog lewe sodat ons presies kon weet tot hoever hul bekwaamhede gebruik kon word en tot hoever hul tekortkominge vermy moet word?

(Vervolg in volgende kolom)

Van Die Os Op Die Esel

Die Skakel-Storie

Ek voel nie geroepe of in staat om uit te wy oor genl. Smuts en sy lang lewe nie. Ek het hom nooit persoonlik geken nie en het hom nooit gevolg nie.

Ek wil egter een merkwaardige eienskap van genl. Smuts noem wat vir my in die afgelope jare besonder opgeval het. En dit is die verbysterende gebruik of misbruik wat vriend sowel as vyand van sy naam kon maak. By verkiesings geleenthede het die Verenigde Party duisende kiesers na sy stemlokale getrek met die magnetiese krag van die Smutsnaam. En in 1941 en 1942 het die huidige Eerste Minister, dr. D. F. Malan, wat destyds 'n verwoede stryd teen die Ossewabrandwag gevoer het, duisende Afrikaners uit die O.B. gejaag met dieselfde Smutsnaam. Ek verwys na sy valse beskuldiging dat „Hans van Rensburg met Smuts skakel.”

In die partypolitieke stryd verloor genl. Smuts se vriende 'n groot positiewe krag maar sy vyande verloor 'n ewe groot negatiewe krag.

Twee Boereiseuns

Vyftig jaar gelede het die grootse worsteling plaasgevind wat die Afrikaners ooit in Suid-Afrika aangepak het. Vir drie jaar lank was die twee republieke benoorde die Oranjerivier gewikkel in 'n lewenstryd met die Britse Empire. En vir 'n halwe eeu het daardie stryd die politieke lewe in ons land voortdurend beïnvloed. En die Boereleiers wat in daardie stryd gevorm is het die politieke toneel tot aan die end van hul natuurlike lewens bly oorheers.

Met die heengaan van genl. J. C. Smuts het die dood die laaste Boereleier uit die aktiewe politiek van ons land weggeëem.

Maar die laaste skakels met daardie heroïese stryd is nog nie verbreek nie. Daar is nog twee leiers in die aktiewe politiek wat as seuns aan daardie groot worstelstryd deelgeneem het. Die een is oom Klasie Havenga en die ander oom Johannes Smith.

Klasie Havenga het as sewentienjarige seun geveg onder generaals Hertzog en De Wet en Johannes Smith het as veertienjarige Kaapse rebel geveg onder genl. Wynand Malan. Vandag is die een leier van die Afrikanerparty en die ander is onder-leier van die Ossewabrandwag.

Die Leiertradisie van ons Volk

Waarom sou die Boereleiers uit die vryheidsoorlog en die daaropvolgende rebellie so 'n volgehoue vername plek in ons openbare lewe bly inneem het? Ek dink dit het te doen met die vereistes vir leierskap wat by die Afrikanervolk tradisioneel geword het. Die voortrekkersgeslagte sowel as latere geslagte in die republieke het altyd manne van daad gekies as hul leiers. En dit het blykbaar gewoonte geword by die Afrikaners om leiers wat in die

(Vervolg van vorige kolom)

Soos dit nou is, het ons of te doen met halwe gode of met volslae duiwels na gelang van die kant van die politieke teleskoop waardeur ons glo.

Dit is die geval in 'n partystaat. In 'n volkstaat is dit anders.

Deur Sybrand

stryd getoets is te verkies bo woordryke babbelaars.

Dit is myns insiens, 'n uitstekende tradisie ten aansien van leiers en ek sou graag sien dat die tradisie gehandhaaf word en oorgedra word aan die nageslag.

Daar kom gereeld geleenthede wanneer leiers getoets kan word. So 'n geleentheid was die Tweede Wêreldoorlog toe republikeinse Afrikaners in Suid-Afrika vervolg is en sonder verhoor in die Empire se kampe en tronke gestop is. Wie het toe gesê: Ek is my broer se hoeder; en wie het toe gevra: Is ek dan my broer se hoeder? Wie het 'n noodhulpdaad vir hierdie republikeinse gedoen en wie het skimpe oor hulle uitgebabel? Ek sal net een naam noem: Hans van Rensburg. Hy het die republikeinse stryd nie alleen beplan en gelei nie, maar dit saam met sy manne gevoer. En boonop het hy nog vir hulle afhanklikes ook gesorg. Volgens die tradisies van die Afrikaners mag hy derhalwe aanspraak maak op leierskap onder sy volk.

Ophemeling Sonder 'n Bloss

Ek het twee briewe ontvang van 'n leser uit Middelburg, Transvaal. Hy is mnr. P. G. Kilian en hy skryf in sy eerste brief oor die bolmakiesieslanery van die politici. Hy wil hê dat ek 'n volledige lys van die politici se bolmakiesies moet maak. Ek wil nie graag my leser teleurstel nie, maar daarvoor het ek regtig nie tyd nie. Want so 'n lys sal 'n lewensarbeid verteenwoordig. Daarom sal ek dit maar liever aan my lesers oorlaat om van bolmakiesies te vertel waarvan hulle kan onthou.

In sy tweede brief, wat geskryf is na die dood van genl. Smuts, skryf mnr. Kilian „dat die mense en koerante wat hom jarelank uitgeskel en verguis het, hom nou, sonder om te blik of te bloos, aanprys en ophemel asof daar nooit iets slegs van hom gesê was nie.” Hy

herinner daaraan dat dieselfde gebeur het met wyle genl. Hertzog. Ja, ou vriend, jy het gelyk. Duisende Afrikaners het verlede week vir die eerste keer in hul koerante gelees dat genl. Smuts „'n Groot Man” was.

Baie dankie, mnr. Kilian, vir jou briewe. Jy skiet kolskote. As die gier jou beetpak skryf gerus weer.

Die Bolmakiesies-Slanery

Hier volg mnr. Kilian se brief:

„Na aanleiding van oom Sybrand se uitnodiging in Die O.B. van 30 Augustus, wil ek baie graag saam gesels.

„Dis vir my verbysterend om te sien hoe hedendaagse politieke leiers en partye bolmakiesie kan slaan. Dis regtig verbasend om te merk hoe hulle vandag iets sal sê of doen, en môre, sonder om te blik of te bloos, die teendeel sal sê of doen.

„Om 'n paar voorbeelde te noem:

„Mnr. Churchill het hom eers onderskei as die Onderdrukker van alles wat Duits is; die hulpverlener aan Stalin; die gevangene van Duitse Leiers en hul veroordelaar tot die dood toe; die aftakelaar van Duitse Fabriek, en baie sulke dinge meer. Nou pleit hy hart en siel, sonder om te blik of te bloos, vir samewerking met en bewapening van die Duitsers.

„Die Verenigde Party het eers die Duitsers van Suidwes vervolg, geïnterneer, ontkieser, gedeporteer en hulle besittinge gekonfiskeer. Toe het dieselfde Party vir hulle gesê: Geen Regering in S.A. het nog ooit die Duitsers van Suidwes so goed behandel soos juis die V.P.-regering nie. Sonder om te blik of te bloos. Die Duitsers het 'n ondubbelsinnige antwoord op daardie onbeskaamdheid gegee tydens die onlangse verkiesings.

„Dr. Malan het eers aan genl. Smuts gesê: Vat aan die O.B. dan vat jy aan my. Kort daarna het hy aan die brandwagte gesê: Bedank uit die O.B. en laat die stryd kort maar beslissend wees. In hierdie verband is later gesê: Die volk vergeet gou.”

AANWENDING VAN „ONDERDELE” VIR GENESING

Menslike „onderdele” speel 'n steeds groter rol in die mediese wêreld en bewaarplekke vir sulke „onderdele” word tans in verskeie lande opgerig. In Rusland, waar die agting vir die mens lankal gewyk het vir praktiese noodsaak, bestaan daar byvoorbeeld nie juis 'n tekort aan horingvliese vir gebruik in geval van sekere soorte blindheid nie. In ander lande, soos Amerika, berus die verskaffing van die liggaamsdele op 'n grondslag van vrywilligheid.

Bloedbanke is reeds 'n algemene instelling in meeste beskaafde lande, en in Kaapstad byvoorbeeld is daar meer as 4,000 skenkers wat elke drie maande van hul bloed laat tap vir gebruik in noodgevallen.

In Amerika bestaan daar tans ook beenbanke waar skenkers stukkies noodsaaklike been aan pasiënte wat dit nodig het, kan verskaf. Menige persoon is op die wyse reeds van verminking gered. Dit is nog maar 'n nuwe instelling van skaars twee jaar. Die bene word verwyder van gesonde mens of beseerdes.

ARE VIR HARTKWAAL

In New York het onlangs ook 'n aar-bank tot stand gekom waar stukkies gesonde are ge-

hou word vir vervanging van slegte dele in pasiënte. Dit word veral aangewend in gevalle van sekere hartkwale, wanneer 'n gesonde deel uit 'n gestorwene verwyder en bewaar word vir oorplanting op die pasiënt. Een spesialis het in die afgelope twee jaar reeds meer as twintig sulke operasies uitgevoer op kindertjies wat met gebrekklike harte gebore is. Sulke „onderdele” kan vir 'n paar weke lank bewaar word voor gebruik.

Daar is onlangs ook 'n geslaagde oorplanting van 'n nier in Amerika bewerkstellig. In die geval is die gesonde nier uit 'n pas gestorwe vrou geneem en onmiddellik daarna op die pasiënt oorgeplant wat aan 'n ongeneeslike nierkwaal gely het.

'n Eie Suid-Afrikaanse Staatstelsel.

GRONDWET HET PARTYE IN S.A. REPUBLIEK UITDRUKLIK VERBIED

Was die volksraad van die Zuid-Afrikaanse Republiek 'n partystelsel? Oor hierdie onderwerp is al heelwat geskrywe, veral of die volksraad partyloos was of nie. In die vorige artikel het ons egter al gesien dat die wyse waarop die uitvoerende raad saamgestel is, die bestaan van die partystelsel, soos ons dit vandag ken, feitlik onmoontlik gemaak het. Selfs die feit dat daar politieke groepe of verenigings was soos die National Union, South African League, Burgermacht, Volksmacht en Volksvereniging verander aan die saak niks nie. Die staatsorganisasie was sodanig dat politieke groepe in die volksraad nie „die bewind” kon oorneem nie. Die „kabinet” was die „Uitvoerende Raad” en die hooffigure hier was die President en die Kommandant-generaal wat regstreeks deur die volk gekies is.

Meer nog, die Zuid-Afrikaanse Republiek was baie gekant teen partyvorming en het dit sover moontlik probeer teëgaan. Artikel 12 van die grondwet het dan ook bepaal dat die volkswil en nie dié van 'n politieke magsgroep nie ten alle tye die deurslag moes gee.

Die beginsel was dus presies die teenoorgestelde as die Britse wat vandag van toepassing is, waaronder politieke magsgroepe, genaamd partye, regeer, en eintlik die enigste is wat kan regeer.

PARTYE VERBIED

In 1894 het die volksraad 'n wet aangeneem wat verkiesingskomitees belet. Dit was duidelik teen partye en partyvorming gemik. Paul Kruger het hom dan ook met dié geleentheid soos volg uitgelaat:

„Een echt Republikeinsch beginsel was het Volk heeft de Koningstem en eene vrije stem is God's stem en wanneer men Comite's oprichtte ging men niet alleen tegen den mensch, doch tegen Godsstem en bracht een ban op

het land, en wat zou daarvan worden. Indien men op eene of andere wijze overgehaald werd te stemmen, was dat geene vrije verkiesing . . . door de Comite's werden er party-schappen gevormd.”

UITLANDERS

Nogtans het die uitlander-element met die algemene verkiesing van 1895 'n intensiewe propaganda-veldtog onderneem met die doel om die sogenaamde progressiewe groep die sterkste in die Volksraad te maak. Hierdie veldtog is as so volks-

Deur
A. J. van Rooy

vreemd beskou dat die volk 'n versoek aan die Volksraad gerig het om alle politieke verenigings deur wetgewing te verbied, aangesien die oprigting van politieke organisasies noodwendig die volk moes verdeel. Daar is selfs versoek dat persone wat aan politieke verenigings behoort nie vir die volksraad verkiesbaar mag wees nie.

Die optrede van die volksraad het egter met die volgende verkiesings vrugte begin dra en dit het toe veel kalmer gegaan.

IN EENHEID OPGESTEL

Hoe was die volksraad ingerig? Die voorsitter van die volksraad is inderdaad die „Voorsitter” genoem. Die lede van die volksraad het in konsentriese halfsirkels om die voorsitter plaasgeneem. Van 'n regering-opposisie-veldtog was daar geen sprake nie. Natuurlik was daar ook geen speaker, sergeant-at-arms of iets anders volksvreemds nie.

Hierdie volksraadsaal is in 1906 totaal en onherkenbaar verander toe die Suid-Afrikaanse stelsel vervang is deur 'n parlement wat op Britse lees geskoei is — net soos die Unieparlement vandag.

RAADPLEGING

Hoe is die volk geraadpleeg? Aangesien daar nou nie eintlik partye en partykongresse was nie, hoe is die stem van die volk verneem wanneer daar nie 'n verkiesing was nie?

In haar boek „Die Stemregvraagstuk in die Zuid-Afrikaanse Republiek”, beskryf dr. Ria Hugo die wyse waarop die volk geraadpleeg is i.v.m. die wet wat die Tweede Volksraad tot stand gebring het.

Die kongreswet is in Februarie 1889 in die Staats Courant gepubliseer sodat die burgers die geleentheid sou kry om hulle daaroor uit te spreek. Memoories het ingekom: sommige was daarteen, andere het wysigings voorgestel. In die volksraad was daar verdeeldheid; nogtans is die wet voorlopig goedgekeur met 28 teen 15 stemme.

STEMMING BEÏNVLOED

'n Kommissie van 5 lede is toe aangestel wat saam met die uitvoerende raad die kongreswette in behandeling moes neem. Op 13 Junie 1890 was die kommissierapport gereed. Daar was weer geleentheid vir memoories en die kommissie het soos volg gerapporteer: 13 memoories met 'n totaal van 585 handtekinge was vir die wet, 9 memoories met 415 was daarteen. Die gevolg was dat die volksraad die wet nou finaal aangeneem het met 'n oorgrote meerderheid van 30 teen 9 stemme.

Hierdie memoories was dus meer werd as partykongresse wat jaar vir jaar byeenkom maar geensins die uitslag van enige stemming in die volksraad kan beïnvloed voor 'n volgende verkiesing nie.

Oor die volksraad kan nog baie geskrywe word, maar aangesien ons nou reeds van die Tweede Volksraad begin praat het, sal ons liever volgende keer meer omtrent hierdie merkwaardige produk van Suid-Afrikaanse staatsmansvernuf meedeel.

BOERE
U KRY

MAKSIMUM
PRODUKSIE
EN
GROTER
BESPARING

DEUR DIE
GEBRUIK
VAN

Epol
Gebalanseerde
Rantsone

S.A.P.V. PLUIMVEE-
MENGSELS EN -PILLE

SUIWEL- KALF- EN
VARKMEEL

VEREENIGING CONSOLIDATED
MILLS BPK.
MAITLAND K.P.
TAKKANTOOR
WELLINGTON FOON 414

Wil Afrikaners Bly Sê Blad

Nadat Die Volksgenoot, Afrikaanse weekblad in Suid-Rhodesië, 'n paar van die wolhaarstories wat die Engelse pers die afgelope weke oor Afrikaner-instrooming weerlê het, wy die blad 'n paragraaf aan die woord „assimilasie” wat in die Engelse pers dikwels genoem word in verband met die sogenaamde bewering dat die Afrikaners nie in Suid-Rhodesië wil assimileer nie. Hy skryf:

„Hierdie woord word ook die afgelope tyd holrug gery met betrekking tot die Afrikaner in Rhodesië. Meermale is al van Afrikanerkant gevra wat nou eintlik daarmee bedoel word. Word daarmee bedoel dat die Afrikaner sy volle gewig hier moet ingooi tot die welsyn van die land en sy bydrae moet lewer om Rhodesië vir die blankebeskawing te beveilig, met alles wat dit impliseer, dan antwoord die Afrikaner dat hy dit reeds doen en van vaste voorneme is om dit altyd na die beste van sy vermoë te doen. Of word met assimilasie bedoel dat ons ons Afrikanerskap en daarmee nasieskap moet prysgee? Hierop sê die Afrikaner nimmer en nooit. Ons is 'n volk met 'n eie tradisie, 'n eie taal, 'n eie kerk, 'n eie kultuur en daarmee met 'n eie stempel en karakter. Ons kan en wil nooit iets anders wees nie. Ons is trots op ons Afrikanerskap en ons glo, en is waaragtig oortuig, dat ons goeie Rhodesiërs, enduit goeie Rhodesiërs, kan wees sonder om ons nasieskap af te lê en iets te wil word wat ons nooit kan word nie. Die Afrikaner wat sy Afrikanerskap probeer verloën, hy haal die veragting van die wêreld en ook van die welopgevoede, fynbe-

skaafde en patriotiese Brit op hom neer.

NUWE SOORT MOTORENJIN: BESPAAR ¹/₃

'n Enjin wat met enige brandstof of brandstofmengsel kan loop en 'n besparing van ongeveer een-derde meebring, is deur 'n Amerikaanse navorsingsmaatskappy uitgevind, word berig.

Die grondslag van die nuwe enjin is 'n nuwe brandstoftoevoerstelsel en 'n nuwe soort silinderdeksel-samestelling sonder vergasser. Die brandstof word met verbygaande lug vermeng en feitlik onmiddellik aan brand gestee. Origens bly die enjin onveranderd.

Hierdie metode van ontbranding bring mee dat die pertol nie van so 'n hoë suiwerheid hoef te wees nie. Die verbruik van brandstof sal ook met eenderde verminder kan word.

Dit sal egter nog omtrent 10 jaar neem voordat die nuwe enjin algemeen in gebruik sal wees. Slegs nuwe motors sal aanvanklik met die enjin toegerus word.

DIE JAAR 1906

ALLE SIGARETTE HET BESTAAN UIT

100% INGEVOERDE
TABAK

DIE JAAR 1950

SPRINGBOK-SIGARETTE BESTAAN UIT

100% SUID-AFRIKAANSE
TABAK

Danksy
PIONIERSWERK
deur die vervaardigers van
SPRINGBOK
Die Nasionale Sigaret



BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Apteeke

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

VIER FEITE WEERSPREEK BEWERING DAT HITLER WÊRELD WOU VEROWER

Vier onweerlegbare feite loënstraf die Britse bewering dat Hitler uit was op wêreldverowering, verklaar Peter H. Nicoll, die Engelse predikant, in sy boek Britain's Blunder.*

Hy wys daarop dat Hitler nooit die weg van onderhandeling laat vaar het nie, maar steeds 'n vredsamese oplossing probeer aanbied het vir die vraagstukke waaroor hy uiteindelik in oorlog gewikkel geraak het. München het dit in die eerste plaas bewys, en vir baie maande het hy met Pole onderhandel en gepleit voordat hy toegeslaan het. Brittanje aan die ander kant het Hitler se beroep om 'n algehele hersiening van die Vastelandse onreg en flaters jare tevore botweg van die hand gewys. Selfs nadat die oorlog al aan die gang was, het Hitler nie opgehou met vergeefse vredespleidooie nie.

Maar Brittanje was daarop uit om Duitsland te vernietig, en die redelikste voorstelle is verwerp. Hy het die beleid aanvaar om onvoorwaardelike oorgawe van Hitler te eis, en afgesien van die immorele hooghartigheid daarvan, moes hy geweet het dat so 'n beleid Duitsland tot uiterstes sou dryf in sy poging om homself te verdedig teen so 'n rampsalige lot.

Vir Hitler was daar maar net twee weë om te volg en geen derde nie: Hy moes of homself en sy groot volk aan die voete neerlê van sy onversoenuke vyande en toelaat dat hulle Duitsland uitmekaar skeur en sy volk en land vir geslagte, indien nie vir altyd nie, ontman, of hy moes hul uitdaging aanvaar, hoe teensinnig ook al, en sy hele mag inwerp om so 'n misdadige oogmerk te verjdel.

DODELIKE GEVAAR

Teen hierdie tyd en na die verwerping van sy pleidooie in die herfs van 1939 moes Hitler ten volle bewus gewees het van die dodelike gevaar waarin hy verkeer het indien die Geallieerdes die nodige krag kon versamel om hul vernietigende oogmerke uit te voer.

Nadat die lot eenmaal gewerp was, het Hitler voluit gegaan om die krasse oorlogsdoel van sy vyande te verjdel. Die oorlog met Pole het 'n wêreldoorlog geword omdat die Geallieerde beleid Hitler gedwing het om 'n rigting van optrede te volg wat die een volk na die ander ingesleep het. Hy het soos enige ander verstandige persoon geweet dat die tyd aan Engeland en Frankryk se kant was, want Brittanje het die see beheer, en dit alleen het sy hulpbronne onbeperk gemaak.

Daar was vir hom net een weg oop en dit was om hard te slaan ongeag die volkereg (wat reeds klaar deur Brittanje verbreek was) indien hy 'n uiteindelijke nederlaag en al die tragedie wat dit sou meebring, moes verhoed. Om hard te kon slaan het een ding vereis — die deurtog oor die Nederlande ten einde die Geallieerde leërs by te kom. Toe dit Brittanje

se beurt was het hy presies dieselfde ding gedoen met dieselfde doel. Maar nou dat die Geallieerde leër uitmekaar gejaag was en Hitler Parys as oorwinnaar binnegetrek het, is hy vir 'n wêreldveroweraar uitgemaak met diuwlse voornemens. Woord kon sy boosaardigheid nie beskryf nie. Maar terselfdertyd het die Britte die weerlose Franse vloot by Oran aangeval wat Hitler gespaar het en 'n paar honderd Franse seeliede koelbloedig vermoor.

ONWEERLEGBAAR

Die beste manier om hierdie ongerymde aanklag dat Hitler op die vernietiging van Engeland en wêreldverowering sou uit gewees het, te weerlê, is om aan die leser vier onweerlegbare feite voor te lê. Die eerste — **WAAROM**, indien dit Hitler se ware oogmerk was om Frankryk en Brittanje te vernietig, (hoewel dit hulle was wat hom aangeval het) het hy dit nie binne die eerste agt maande van die oorlog gedoen nie toe hy 'n oorweldigende lug- en leërmag gehad het en hierdie eiland feitlik kon uitgewis het?

Die tweede is dat, in plaas van verder teen Brittanje op te tree nadat hy Frankryk uitgeklop het, het Hitler weereens om vrede gepleit. Soos hy gesê het, het hy vredesvoorwaardes aangebied nie as 'n smeeking wat geen ander uitweg gehad het en gevolglik geen hulde kon ontvang vir vredesoormerke nie, maar as 'n oorwinnaar wat al die kaarte in sy hand gehad het en wat desondanks verre van verowering of wraak te begeer, slegs verlang het dat hierdie onnodige oorlog gestaak en orde in Europa herstel sou word.

Kan enige normale en eerlike mens hierdie optrede van Hitler na Duinkerke rym met 'n begeerte om Brittanje te verower, laat staan nog die wêreld? En Brittanje, wat nou in die hande was van die oorlogsugtigste man in Europa — Winston Churchill — het nog 'n keer die aanbod afgewys en voortgegaan om dieselfde ou beskuldiging teen die Duitse leier te maak.

Die derde feit is dat alles be-

halwe Frankryk hardhandig te behandel of te annekseer, Hitler dit duidelik gestel het dat sy enigste oogmerk waarom hy hom onder beheer hou, was om in volle beheer te wees van die Franse kus met die oog op die vloot- en militêre bedreiging van Brittanje. Inderdaad het hy net die westelike deel van Frankryk beset. Die matigheid van sy voorwaardes het Petain en ander verstom. Hierdie voorwaardes moet vergelyk word met dié wat deur die Geallieerdes op 'n verslane Duitsland gelê is. Is dit 'n wonder dat hulle tot die gevolgtrekking gekom het dat die Nazi's grootliks deur politieke haat belaster is? Hier was geen meedoënlose en barbaarse veroweraar nie, dog gematigde en redelike oorwinnaars wat uit hul oorwinning slegs veiligheid vir hulself begeer het, en nadat dit verseker was, die billikste voorwaardes vir blywende samewerking met hul voormalige teenstanders gebied het.

DOEN SELFDE

Die Vichy-regering van Frankryk — wat natuurlik jare lank daarna deur die vyande van Duitsland beskimp is — het geweet en erken dat Hitler nie op verowering uit was nie, maar vir vrede en geregtigheid en vir die veiligheid van sy eie (vervolg op bladsy 4 kolom 5)



KWV

**-Eau de Cologne
en -Lavental**

PRODUKTE VAN
SUID-AFRIKA



Merweville se O.B.'s Gesellig Byeen

Op die aand van 26 Augustus het die O.B.-kommando's van Merweville bymekaar gekom om die tradisionele O.B.-dag te herdenk. Die plek van samekoms was by die woning van die Kommandant en Kommandante, mnr. en mev. Koos Theron. Die motorhuis wat helder verlig en gesellig met banke ingerig was, was dan ook stampvol van voor tot agter.

Mnr. Theron het al die brandwagte en ander vriende teenwoordig, asook die Generaal, mnr. Hansie le Roux wat spesiaal vir die geleentheid oorgekom het, baie welkom geheet en hom gevra om die verrigtinge met gebed te open, waarna laasgenoemde in 'n besielende rede die lede van die kommando's aangemoedig het om die ideaal en strewe van die O.B. getrou te bly.

Mnr. Theron het hierna 'n paar woorde tot die teenwoordiges gerig en daarop gewys dat dit nou ruim 12 jaar is dat hy en sy eggenote die verantwoordelijkheid as kommandant en kommandante van die Merweville-kommando's op hulle skouers dra. Hulle voel op hierdie tydstip dat hulle plek wil maak vir jonger mense wat seker nog meer energie het as hulle wat reeds so 'n lang skof agter die rug het. Hy het mnr. Jannie Victor en sy eggenote aangewys as die opvolgende kommandant en kommandante. Hulle het geantwoord deur te sê: „Waar die O.B. ons dienste nodig het daar mag ons nie weier nie!”

Mnr. Jannie Victor het 'n kort maar kragtige rede gevoer. Hy het brandwagte ver-

soek om steeds op hoogte van alle O.B. leesstof te bly en weereens te ondersoek waarom hulle lede van hierdie beweging is sodat ons met meer ywer die stryd vir ons ideaal kan voortset. Hy het gesê dat dit met weemoed is dat ons verneem dat ons geliefde Kommandant en Kommandante na wie die kommando's deur soveel jare heen opgesien het, die tuig nou neerlê. Vir ons sal hulle nog maar altyd Kommandant en Kommandante Theron bly.

Mev. M. Smit het namens die vroue-kommando 'n afskeidsboodskap tot mev. Theron gerig. Sy het gewys op haar onvermoeide ywer en volharding deur al die jare heen. „Ons het veral haar bekwaamheid en organisasie-vermoë bewonder, want aan haar goeie reëlins is grotendeel die sukses van funksies en feeste wat hier in die verlede gehou is, te danke.” Mev. Theron het gesê dat haar dienste altyd vir die O.B. beskikbaar sal wees: „Praat maar net en ek sal daar wees.”

Hierna is almal getraakteer op heerlike koffie en pannekoek en poedings. 'n Mooi aantal koeke deur die dames byeengebring, is opgeveel. Alles ingesluit, is die bedrag van £21 opgebring. — (Korr.)

2,097,249 skape en 397,591 beeste in besit van blankes is in die jaar geëindig 31 Augustus 1949 in die Unie dood weens droogte, siekte en ongedierte, volgens gegewens vervat in die landbousensus. Droogte alleen was verantwoordelik vir die dood van 840,263 skape en 5,148 beeste.



REIS Vergemaklik

Ook die ingewikkeldste reisplan, die uitgebreidste toer, word net so maklik as 'n plaaslike uitstap, indien u die reëlins aan die S.A.S.-toeristeburo oorlaet. En u het net een kantoor om te besoek, een betaling om te doen.

Kaartjies, plekbesprekings, vir land-, see- of lugreise, maaltye en beddegoed onderweg, hotelakkommodasie; die Toeristeburo sal dit alles vir u reël en u vrylaat om u reis te geniet. Indien u per Springbokdiens vlieg en u deur middel van die Toeristeburo u plek bespreek, dan sal hotelakkommodasie in die Verenigde Koninkryk vir u gereël word.

Spreek u naaste Toeristeburo of Stasiemeester



Luister na Carmen Cavallaro oor Springbok-radio elke Dinsdag-, Donderdag- en Saterdagavond om 7-uur

NET 'N PAAR ITEMS

om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk

Boston Potlood-skerpmakers		@ 15/- elk
Mercury Draadheg-masjiene		@ 29/6 elk
Dubbele Glas-Inkpotte		@ 6/9 elk
Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm.		@ 7/- per Riem
Tikpapier, 13 dm. x 8 dm.		@ 7/8 per Riem
Tikpapier, 10 dm. x 8 dm.		@ 5/7 per Riem
Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-		

Alle Kantoorbodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

Derde Uniale Laertrek

Gedurende die afgelope paar jaar het ek altyd gevoel dat moontlike politieke verwikkelinge in ons land bespreek en behandel moet word met inagneming van die tydelikheid en die onvastheid van die heersende patroon van ons openbare lewe. Vandaar ook die onsekerheid van sodanige besprekings en handelings. Eers in die jongste tye het daar gebeurtenisse plaasgevind wat 'n permanente en vaste patroon in die vooruitsig stel, en ek glo derhalwe dat daar in die toekoms met baie groter sekerheid oor die politieke bespiegel sal kan word.

In die eerste instansie was daar onsekerheid oor die toekoms van die Verenigde Party. Dit was duidelik dat niks met die V.P. sou gebeur solank genl. Smuts leef en leier van die Party bly nie. Sy persoon was die magneet wat almal onderdanig binne die perke van die Party vasgehou het. Maar wat sou gebeur as genl. Smuts sy kop neerlê? Niemand het geweet nie. En dis hierdie onsekerheid wat die gevoel van tydelikheid en onvastheid ten aansien van die hele politieke patroon help skep het.

Met die dood van genl. Smuts het die dwingende magneet verdwyn. Indien daar iets met die V.P. gaan gebeur, moet dit ongetwyfeld in die eersvolgende maande plaasvind. Indien niks plaasvind nie, gaan niks gebeur nie en dan sal elkeen weet dat die V.P. onveranderd gaan voortbestaan.

OPTIONELE SAMEWERKING

In die tweede plek was daar onsekerheid oor die duursaamheid en die opregtheid van die samewerking tussen die H.N.P. en die A.P. En geen helderheid kon ook oor die saak verkry word nie want die H.N.P. moes noodgedwonge met die A.P. saamwerk anders kon dr. Malan

nie regeer nie. Maar as gevolg van die oorwinning in Suidwes het die H.N.P. oënskynlik onafhanklik geword van die A.P. en voortaan sal die nuwe optionele samewerking of gedy of krimp.

Wat gaan gebeur ten aansien van die V.P. en van die samewerking tussen die H.N.P. en die A.P. weet ek nie. Ek weet ook nie eers of iets inderdaad

POLITIEK IN OENSKOU DEUR 'N MEDEWERKER

gaan gebeur nie. Maar ek weet dat as iets ooit wil gebeur is die weg nou oop daarvoor. In die onmiddellike toekoms gaan alle onsekerheid oor politieke aangeleenthede blykbaar verdwyn en gaan daar 'n blywende en vaste patroon ontplooi.

VASTE PATROON

Dit is teen hierdie agtergrond van die politieke patroon wat besig is om blywend en vas te word dat die derde Uniale Laertrek van die Ossewabrandwag in Bloemfontein eerskomende November-maand gehou sal word. Aangesien die O.B. ook deel uitmaak van ons land se veelvoudige politieke patroon sal die leiers van die beweging ongetwyfeld verplig wees om sowel die plek van die O.B. in die patroon duidelik uit te stippel as om die rigting waarin die O.B. voortaan gaan beweeg onomwonde te verklaar.

O.B. SE PLEK

Wanneer die O.B. se plek in die politieke patroon uitgestippel word, sal bepaal moet word wat die houding is van die O.B. teenoor verwante en andersoortige politieke organisasies; en by die bepaling van hierdie houding sal hoofsaaklik neergelê moet word watter optrede die O.B. gaan volg by geleenthede van toekomstige parlementêre en provinsiale verkiesings. Wanneer die Laertrek in November gehou word, sal die kongresse van die politieke partye reeds almal agter die rug wees en die O.B. sal derhalwe in staat wees om sy houding te bepaal na aanleiding van die jongste besluite van die politieke partye.

O.B. SE KOERS

Wanneer die toekomsrigting van die O.B. verklaar word, sal daar, eerstens, rekening gehou

moet word met die blywende en onveranderlike beginsels wat die O.B. voortdurend bely, en tweedens sal daar rekening gehou moet word met die eise van die tyd, sodat die klem gelê kan word op die dringendste beginsels — want dit is hoofsaaklik terwille van hierdie beginsels dat die onmiddellike stryd gevoer sal moet word.

DIE LAERTREKKE

Die eerste Uniale Laertrek van die O.B. wat in Bloemfontein gehou is, het in die teken gestaan van die verbitterde broederoorlog wat destyds teen die beweging ontketen is en die besprekings het vernaamlik gegaan oor die handhawing van die Ossewabrandwag. Op hierdie eerste laertrek het die O.B. sy beslag gekry as die omvattende volksbeweging wat hy vandag nog is.

Die tweede Uniale Laertrek van die O.B. wat ook in Bloemfontein gehou is, het in die teken gestaan van die magtelosheid en die verdeeldheid van ons volk en daar is die gewilligheid van die O.B. onderstreep om met mede-Afrikaners en met mede-Afrikanerorganisasies saam te werk in belang van groter eenheid. Daar is ook die O.B. se voorwaarde vir sodanige samewerking gestel, nl. behoud van identiteit.

HERSKEPPING

En nou word die derde Uniale Laertrek van die O.B. gehou — weer in Bloemfontein en wel op 7 en 8 November. Op watter groot behoefte van ons tyd gaan hierdie laertrek die klem laat val? Ongetwyfeld op daardie behoefte wat reeds in 1942 deur wyle genl. J. B. M. Hertzog aangedui is en wat vandag, op die vooraand van 'n wêreldoorlog teen die kommuniste en hul leerstellings, besonder dringend geword het, nl. die herskepping van die grondslae en instellings van die staat en die maatskappy.

En dit is ongetwyfeld vir hierdie herskepping dat die O.B. in die jare wat voorlê gaan veg.

VERRASSING

Ek wil geen geheime verklap nie, maar ek dink ek mag sê dat daar 'n aangename verrassing wag vir die laergangers in Bloemfontein. Die verrassing het te doen met verskeie manne en vroue — wie se name ek voorlopig nie sal noem nie — wat in die verlede vernam en belangrike strydrosse van die O.B. was en wat terugkeer om hul eertydse bedrywighede voort te sit.

Britse Minister Wil Vermenging Afdwing

Die Britse minister van kolonies, John Dugdale, het opskudding in Tanganjika veroorsaak omdat hy uit sy pad gegaan het om rassevermenging te eis. Hy het geweier om funksies by te woon indien nie-blankes nie ook uitgenooi word nie. Dit het aanleiding gegee tot 'n krasse aanmerking van een van die inwoners op 'n onthaal met die gevolg dat die minister die partytjie verlaat het en geweier het om verder blankes amptelik te ontmoet. Hy het sy samesprekings beperk tot die leiers van naturelle, Indiërs en Arabiere.

CRADOCK SE O.B.'s BEWEEG WEER

Vir die eerste keer sedert die algemene verkiesing van 1948 het die O.B.'s van Cradock weer byeen gekom op Saterdag, 9 September, met die doel om weer opnuut kontak te maak na 'n tydperk van stilswye, en om weer die republikeinse stryd van die O.B., met nuwe vasberadenheid voort te sit.

Lede was aangesê om hulle kosmandjies te pak en hulle aan te meld op die plaas van mnr. en mev. (genle.) Max Michau te Plankfontein. Ongeveer 65 lede het opgedaag.

Genoeg verversings, wors en braaivleis is deur die lede verskaf, wat onder toesig van mev. Michau en haar gewillige helpers, smaaklik en gratis aan die aanwesiges bedien kon word.

Die tyd het eenvoudig te gou verby gesnel, terwyl ons Jeugveldkornet met behulp van mnre. Mulder en Du Preez die aanwesiges vergas het met opgeruimde boeremusiek en volksliedere, waaraan ook die lede deelgeneem het.

Ons was besonder dankbaar vir die teenwoordigheid van die Gebiedsgeneraal, mnr. P. J. Botha van Somerset-Oos, die Generaal, mnr. Fanie Bekker, en lede van Tarkastad, en die Generaal, mnr. Fanie Marais van Hofmeyr, wat die lang afstand moes aflê om die geselligheid by te woon.

Dan was ons in besonder dank verskuldig aan 'n ou kameraad en politiekegevangene, „of tronkvoël soos buitstanders dit sou wil noem.” Sy vertellings van persoonlike onderhandelings en avonture saam met ander kamerade in die tronke en interneringskampe, het on-

eindig groot besieling en belangstelling by die aanwesiges verwek.

Sy uitstalling van handgemaakte artikels, wat deur hom en ander politiekegevangenes in die werksinkels van die Sentrale Gevangenis, Pretoria, vervaardig is, het groot belangstelling en bewondering geniet.

Ons wil dank betuig aan die bo-gemelde hoër offisiere vir hulle kragtige en besielende redes.

In gevolge 'n oproep van mnr. Fanie Bekker is in 'n omme-sientjie die bedrag van £45/11/6 ingesamel as vrywillige skenkings — alles was gratis bedien.

—(Korr.)

TE LAAT VIR KLASSIFIKASIE

TE KOOP

Ek het 'n beperkte hoeveelheid H.K. Hoog kruising Karakoel ramples op hande. As u belangstel skryf aan ondergenoemde adres. —D. J. G. Steenkamp Jnr., Witputs, P.K. Van Wyksvlei. 20/9/2

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Waarvoor Ons Geveg Het

Die Britse maandblad „Peoples Post” waarsku sy lesers dat ons op die vooraand staan van nog 'n groot golf inflasie. Soos die V.S.A. herbewapen en homself in gereedheid vir oorlog op 'n wêreldskaal bring, sal pryse aansienlik daar styg (vgl. wolpryse) met die onvermydelike reaksie op pryse in Groot-Brittanje. Soos pryse opwaarts styg, sal onweersaanbare en regverdige eise om hoër lone voor die dag kom.

Hierdie „visieuse spiraal” sal gou styg en dit sal supersonesie styg. „Dit is die prys vir ons kranksinnigheid om oorlog teen Duitsland in 1939 te verklaar om „Pole te red”. Ons het nie vir Pole gered nie. Ons het nie onself gered nie. Al wat ons gedoen het, was om vir Wall Street en die Kremlin — en die Uitverkore Volk te red.” Aldus „Peoples Post”.

Duitse Voorwaardes

(vervolg van bladsy 1 kolom 4)

ming met daardie bevel en riglyne moet sorg dat Wes-Duitsland tot die laaste patroon ontwapen moet word!

SOLDAAT SE EER

En ten slotte is daar nog die steeds groter wordende vloed stremme wat eis dat die pad vooraf eers oopgemaak moet word vir die herstel van die Duitse soldate en offisiere wat op een voet met die ergste oorlogsmisdadigers gestel is en ter dood of tot gevangenisstraf veroordeel is. Een van hulle, wie se ridderlikheid bekend is, sit vandag nog agter tronkmure in België sonder 'n skriftelike aanklag.

En eindelik moet beklemtoon word dat geen konstruktiewe ekonomiese of militêre bondge-

nootskap in Europa moontlik is sonder dat Duitsland se medewerking met begrip en insig gewin word nie. Gebrek aan begrip het nog alte dikwels gelei tot die verstikking en versteuring van die proses van heropbou. Bewys hiervan is die feit dat veertig persent van die sestig- tot tagtigduisend Duitsers wat vir die Amerikaanse arbeidskolonies gewerk is, geweier het om ligte wapens in ontvangs te neem of hulle in kasernes te laat stop.

As hulle die Duitse soldaat vir die verdediging van Europa wil wen, sal hy opgeneem moet word as gelykwaardige vennoot in die Europese verband en idee. Nogtans oorheers die „ohne mich” die oorwegende meerderheid van die volk.



„Rembrandt is één Meesterstuk”

sê

LAURENS BOGTMAN


Wêreldberoemde Nederlandse Bariton

Laurens Bogtman

Die hoogstaande kwaliteit van Rembrandt-sigarette is ook bevestig deur ander wêreldberoemde sangers soos Tito Gobbi, Lauritz Melchior, Heinrich Schlusnuss en Alessandro Ziliani.

Rembrandt

ELKE SIGARET 'N MEESTERSTUK



TITO GOBBI



LAURITZ MELCHIOR



HEINRICH SCHLUSNUSS



ALESSANDRO ZILIANI